



## WARE NOORD 1

*Is daar iets soos 'waarheid' en hoe weet ons wat waar is?*

“Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid” (Johannes 17:17).

### Uitkoms

Jongmense kan die begrip van waarheid/uitsluitende waarheid definieer en die belangrikheid daarvan in 'n Christen se lewe verduidelik.

### Notas vir aanbieder

#### Belangrikheid van die tema

Een van die tendense in ons samelewing vandag is die siening dat waarheid iets persoonliks is. Ons hoor gereeld stellings soos: “Wat waar is vir jou, is nie noodwendig waar vir my nie.”

Dit is 'n siening wat vanuit die filosofie kom en ons moderne denke beïnvloed het.

Wat is fout met so 'n stelling?

Dit is 'n subtiele skuif om waarheid se status te verlaag van 'absolute waarheid' na 'relatiewe waarheid'.

**Absolute** waarheid is iets wat waar is vir alle mense, in alle tye en onder alle omstandighede, ongeag ons opinie daarvan. Ons as Christene sien die Bybelse boodskap van verlossing deur Jesus se kruisdood en opstanding as 'n absolute waarheid.

**Relatiewe** waarheid is 'n waarheid wat waar is net vir sommige mense en in spesifieke omstandighede. Waarheid is dus veranderlik. Die sekulêre samelewing wil graag die Bybelse boodskap relatief waar maak, as net een van baie ander maniere om by God uit te kom.

Die uitdaging van die byeenkoms is om jongmense bewus te maak dat:

- 1) Die stelling, “Absolute waarheid bestaan nie”, 'n **teenstrydige stelling** (“self-defeating argument”) is ('n stelling wat 'n aanspraak maak, maar dan deur die stelling self as vals bewys word). Kyk weer mooi na die stelling. Mense wat bogenoemde uitspraak maak, aanvaar dat hulle stelling (absoluut) waar is! Hulle pas die stelling toe op alle waarheid, behalwe hul eie stelling oor waarheid. Hulle is nie konsekwent nie, en moet daarop gewys word. Die teendeel dat absolute waarheid wel bestaan, is dus altyd waar.
- 2) Die lewe nie geleef kan word indien alle waarheid relatief is nie. Ons glo tog dat die son môre weer sal opkom, of dat die stoel in die eetkamer my elke oggend sal kan ondersteun. Ons leef ook asof ons glo dat ons geliefdes ons môre nog gaan liefhê. Ons vertrou dat die voorafgaande scenario's nie oornag en sonder rede sal verander nie. Dit is dus nie relatief nie.

Wees ook bewus van die verskil tussen **voorkeure** en **waarheid**. So byvoorbeeld is dit die samelewing se voorkeur om politieke korrek op te tree deur alle gelowige gelyke status te gee. Dit is egter nie moontlik dat alle gelowige gelyktydig waar kan wees nie.



## Lofprysing en aanbidding

Sing bekende lofprysings- en aanbiddingsliedere. Eindig met die lied, *Lighthouse*, wat op die meegaande CD beskikbaar is. Die lied is ook aan die PowerPoint-aanbidding gekoppel.

## Ankers lig!

Laat die jongmense in 'n groep staan, armlengte van mekaar af. Vra hulle om hulle oë toe te maak. Kies 'n bekende landmerk in die omgewing wat nie te naby aan die huidige ligging is nie ('n winkelsentrum, sportterrein, museum, berg, ens.).

Vra die jongmense om met hulle arms te wys in watter rigting hulle dink die landmerk lê. Hulle moet hulle oë deurentyd toe hou. Sodra elkeen 'n rigting gekies het, laat hulle hulle oë oopmaak. Gebruik dan 'n kaart (*Google maps*) van die omgewing om te wys wat die korrekte rigting is om by die landmerk te kom.

Die jongmens wat die naaste aan reg is, kan 'n prys/beloning kry.

Elkeen van julle dink dat julle weet waar die landmerk is. Elkeen het egter in 'n effens ander rigting gewys. Om te weet wie reg is, het ons hulp nodig. Iets soos 'n kaart, GPS of *Google maps*. Iets buite onself wat objektief die antwoord gee, ongeag wat ons eie opinie is.

Ons gaan met hierdie reeks sien dat daar mense buite die Christelike geloof is wat opinies het oor belangrike onderwerpe van die lewe wat van ons opinie verskil. Ons moet dus weet *waarom* ons glo wat ons glo.

## Inleiding

Waarmee gaan ons besig wees in die volgende paar dae/weke? Ons gaan op 'n avontuur! 'n See-avontuur en 'n geestelike avontuur.

Die see-avontuur vat ons na Engeland, Portugal en Spanje en ons reis saam met ons hoofkarakter Jonathan Hunter op 'n skip genaamd die *Glory*. Ons ontmoet nuwe plekke soos Porto en interessante mense soos Jibboom, Simon en Gunwale.

Die geestelike avontuur neem ons na vrae soos, "Is daar iets soos waarheid?" en "Lei alle gelowe na dieselfde God?" Die "skip" waarop ons gaan reis om antwoorde op ons vrae te kry, word Apologetiek genoem.

Apologetiek kom van die Griekse woord *apologia* wat beteken, "om 'n antwoord te gee." Dit klink baie soos die Engelse woord *apologise*, maar het glad nie iets te doen met verskoning vra vir ons geloof nie! Intendeel. Dit het alles te doen met 'n antwoord gee vir ons geloof aan mense wat skepties is oor Christenskap.

Die woord word so gebruik in 1 Petrus 3:15: "Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe."

Kom ons kyk na die volgende kort video-greep wat die woord verder vir ons sal verduidelik. [Wys "One Minute Apologist" deur Bobby Conway, verkrygbaar by <https://www.youtube.com/watch?v=GMj3sKKn6a4>.]

Ons wil julle graag op 'n reis neem om by 'n eindbestemming te kom waar julle nie net weet **wat** julle glo nie, maar ook **waarom julle glo** wat julle glo!

## Verhaal

Lees die volgende verhaal aan die jongmense voor.

## 14 Maart 1775 Noord-Atlantiese Oseaan

Drie dae gelede was Jonathan Hunter nog besig om die skape te help skeer op sy pa se plaas.

Alles was veilig.

Hy het geloop en gedoen sonder om te dink. Dit trek jy aan op Sondag, en hierdie klere is vir die res van die week. So hou jy 'n steeks ram vas dat sy horing jou nie gaffel nie. So laat eet ons, en God se liefde is so seker as die salm in die Mersey-rivier.

Maar hier op die *Glory* is hy soos 'n pasgebore skaaplam. Koud, klein en baie onvas op sy voete.

Alles is anders. Links is bakboord. Regs is stuurboord. As die wind waai, kan bakboord of stuurboord die loefkant wees; die kant van 'n seilskip waar die wind vandaan kom! Hoe hy kop gaan hou met al die dinge weet hy nie.

Jonathan kyk op van waar hy die dek mop en sien sy oom, Sir Christopher Arthur Bennett, en die welvarende suiker- en ammunisiehandelaar, mnr. Frank Richardson, waar hulle op die boeg staan en gesels.

Oom Arthur is die rede waarom hy hier is. Hy het gedink dat 'n avontuur van drie weke op die *Glory* net die ding is vir sy nefie se 17de verjaardag-geskenk. In die geheim stem niemand anders op die skip met hom saam nie, maar hulle sal nie waag om met hom te stry nie; hy is immers die kaptein!

Kaptein Bennett glimlag breed toe hy sien hoe Jonathan wankelig oor die dek aangestap kom. Hierdie blonde nefie van hom is die naaste aan 'n eie seun wat hy ooit gaan hê. Ná sy vrou se dood het hy baie tyd op die Hunters se plaas spandeer. Jonathan was gaande oor die kaptein se reisverhale van ver en wonderlike lande. Sy oom het 'n paar maande gelede sy plan om Jonathan op reis te neem met sy pa bepreek.

Drie weke se reis vanaf Liverpool, via Portugal, deur die straat van Gibraltar tot by Barcelona in Spanje. Die *Glory* is 'n vragskip en dra sewe ton suiker, baie ammunisie, tekstiele en ander handelsware waarvan die meeste aan mnr. Frank Richardson behoort.

“Eerste keer op 'n skip, jong man?” vra mnr. Richardson toe Jonathan uiteindelik by hulle aansluit. “Eerste keer vir alles, Meneer,” sê Jonathan wat styf aan die mop vashou en probeer om nie om te val nie.

Die kaptein sien die vraagteken op die ryk man se gesig. “Dit is my kleinneef, Jonathan Hunter. Sy pa boer op 'n plaas net buitekant Liverpool. Hy was nog nooit aan die anderkant van die Mersey-rivier nie.”

“En wat dink jy van die *Glory*? Sy is mooi, né? Drie maste, moderne boeg en vaartbelynde romp. Een van die vinnigste en grootste klippers op die see.” Die bewondering is duidelik in sy oë te sien. “Sy was groot in die hawe, Meneer, maar hier op die see het sy al kleiner begin voel. En effens uitgelewer ...” maak hy sy sin ingedagte klaar.

Bokant hulle koppe flap die hoofseil skielik soos die wind van êrens nuwe lewe kry en die seil vol laat bult.

“Uitgelewer?” Sy verbasing oor die seun se stelling is duidelik op sy gesig te sien. “Die besondere kennis en insig van die mens om so ’n skip te kan bou, maak ons onafhanklikes, nie uitgelewerdes nie.” Sy vuis slaan hard teen sy bors toe hy sê: “Ons is ons eie sekerheid!”

Die skip ruk weer effens en seil nou merkbaar vinniger terwyl die maste begin kraak onder die weerstand van die wind.

Die handelaar se heftige reaksie het Jonathan heeltemal onkant gevang.

“Dis ’n swaar las om te dra, Frank,” sê Kaptein Bennett en tree tussenbeide. “Ons maak planne om hierheen te reis of daar ons geld te maak, maar ons weet nie eers wat môre of die dag daarna gaan gebeur nie. My vertrouê lê eerder in iemand wat groter, sterker en slimmer is as ek. Gee my Jesus en ’n kompas en ek het al die sekerheid wat ek nodig het.”

“Jesus, né?” Mnr. Richardson skud ontsteld sy kop. “Dis ’n naïewe waarheid waarin jy glo, Arthur. Jy sal nog beseef dat daar baie ander waarhede in die wêreld is.”

“Nee wat,” vervolg die handelaar selfversekerd, “daar is nie iets soos absolute waarheid nie. God se bestaan is dalk waar vir jou, maar dit is verseker nie waar vir my nie!”

Die woorde voel soos ’n vuishou wat Jonathan vol in die rug tref.

Dis asof sy fondasie onder hom padgegee het en al sy sekerheid oor God en Jesus se evangelie saam met Liverpool agter die horison verdwyn het.

Niks wil lekker stilstaan nie. Die horison en sy verstaan van God is skielik ewe wankelrig. Hy het gehoor dat daar mense is wat nie in Jesus glo nie, maar self het hy nog nooit so iemand ontmoet nie. Kan dit wees dat die waarheid oor Jesus net een van baie waarhede is? As dit so is, is alle waarheid dan nie gelyk nie?

Wanhopig kyk hy na die kaptein en soek na iets in sy oë wat sê dat daar hoop is. Iets om aan vas te hou. ’n Antwoord. Dié antwoord!

---

## Groepsbespreking

Het jy al gehoor dat mense sê: “Waarheid verskil van mens tot mens”, “Elke mens moet self besluit wat waar is vir hom/haar” of “Dit wat vir jou waar is, is nie noodwendig vir my waar nie”?

Hoe sal jy hierop antwoord?

- Verdeel die jongmense in klein groepies om die antwoord te bespreek (5-10 min).
- Gee hulle geleentheid om terugvoer aan die groot groep te gee. Luister na die terugvoer sonder om noodwendig reeds te sê wie reg of verkeerd was, of wat die regte antwoord behoort te wees.
- Lees nou die laaste deel van die verhaal voor.

“Stap saam met my,” sê die kaptein aan die twee wat by hom staan en stap stuurboord se kant toe. Hulle loop by mnr. Gunwale verby. Hy is tweede in bevel van die *Glory* en die kaptein se getrouste volging. “Mnr. Gunwale, maak die manne bymekaar. Stuurboordkant!”

’n Paar minute later kyk vyftien pare oë na die stuurdek waar die kaptein met sy hande op die reling staan. Jibboom, die meester-navigeerder, staan langs hom. Nóg Jonathan, nóg mnr. Richardson verstaan wat aangaan. Hulle staan onder tussen die manskappe en wag vir die kaptein om te praat. Die wind waai nogsteeds rukkerig tussen die seile, effe onvoorspelbaar.

“’n Klein kompetisie, Menere! Die reëls is as volg. Almal maak julle oë toe!” ’n Kaptein se versoek word gewoonlik onmiddellik en sonder vrae uitgevoer, maar die vreemdheid van die bevel laat almal onseker rondkyk. “Daar is ’n groot gedeelte van die kapteinsbredie op die spel!” moedig die kaptein hulle aan.

Vyftien pare oë klap gelyk toe.

“Steek almal een hand in die lug!”

Vyftien hande skiet die lug in.

“Die een wat presies kan wys waar ware Noord is, wen die prys!”

Jonathan sien hoe vyftien hande stadig maar seker elkeen in ’n rigting begin wys. Hy weet self nie waar ware Noord is nie, en een kyk na mnr. Richardson maak dit duidelik dat ook hy nie seker is nie.

Jibboom stap stadig af en gaan tussen die manne staan. Hy haal ’n klein voorwerp uit sy sak en sit dit op die dekbalk neer. Hy maak die deksel versigtig oop. ’n Kompas!

Jibboom verskuif sy blik heen en weer tussen die kompas en die uitgestrekte arms van die bemanning. “Bootsman Irons is die naaste, Kaptein!” verklaar Jibboom. Die bemanning kom gretig nader en bekyk die kompas om te sien hoe ver of naby hulle raaiskoot was.

“Dankie, Menere. Terug na jul stasies!” beveel die Kaptein en stap af na waar Jonathan en mnr. Richardson op hom wag.

“Jy sien, Frank, solank as wat niemand geweet het waar ware Noord is nie, dra almal se raaiskote dieselfde gewig. Dit beteken egter nie dat almal ewe reg is nie. Daar is so iets soos ware Noord. Wat ons nodig het, is iets buite die skip en sy bemanning, soos hierdie kompas, om ware Noord aan ons uit te wys.”

“Relatiewe waarheid kan nie in die werklikheid werk nie. Ons sal nooit by ons bestemming uitgekom het as daar nie iets was wat vir ons ware Noord akkuraat en absoluut aangedui het nie. Buitendien, indien daar geen absolute waarheid bestaan nie, dan moet ons wonder of dit absoluut waar is dat daar geen absolute waarheid bestaan nie.”

Die kaptein verskuif sy blik na Jonathan en sê, “Jonathan, sien jy dat alle standpunte nie ewe waar of reg kan wees nie? Daar is iets soos absolute waarheid in hierdie wêreld. Kom ek wys jou wat die Bybel daarvoor te sê het.”



## Verdere bespreking

1. Verduidelik die konsep van selfweersprekende stellings (self-defeating arguments). Dis 'n stelling wat 'n aanspraak maak, maar wat dan deur die stelling self as vals bewys word.
2. Gee die volgende voorbeelde as illustrasie. Laat die jongmense toe om die teenstrydigheid te probeer raak sien.
  - “Ek kan nie een sin in Afrikaans sê nie.” (Die stelling bewys homself verkeerd, want die stelling is 'n Afrikaanse sin!)
  - “Ek bestaan nie.”
  - “Dit is verkeerd om te sê dat ander verkeerd is.”
  - “Geen sin is langer as drie woorde nie.”
  - “Waarheid bestaan nie.” (Indien die stelling waar is, bewys dit die aanspraak verkeerd.)
3. Gee aan elke jongmens 'n kopie van **Uitdeeltuk 1**. Laat die jongmense die volgende verse opsoek. Lees dit hardop saam en bespreek wat elke vers vir ons sê oor *waarheid*.

Johannes 8:31-32

Johannes 14:6

Johannes 17:17

Johannes 18:37-38

Efesiërs 6:14

### Moontlike antwoorde

Wat is die Bybel se perspektief op die idee van *waarheid*?

- Jesus sê dat die *waarheid* geken kan word (Joh. 8:32a), net soos ware Noord geken kan word.
- Jesus sê ook dat die *waarheid* nie net betekenislose woorde of idees is nie, nee, dit het mag om mense vry te maak (Joh. 8:32b)! Wat kan gebeur as mense nie die Bybel se *waarheid* glo nie? (Hulle word slawe van hul eie idees en selfsug.)
- Jesus sê ook dat die *waarheid* meer is as net kennis. Dis 'n Persoon. Jesus is die *Waarheid* (Joh. 14:6).
- Jesus verklaar dat die Woord (Bybel) waar is. Indien ons dus die *waarheid* wil weet oor die belangrike vrae in die lewe, moet ons eerstens kyk wat die Woord vir ons daaroor leer. As ons wil weet hoe om heilige lewens te leef, dan moet ons kyk wat die Woord vir ons daaroor sê (Joh. 17:17).
- Deel van Jesus se opdrag was om die *waarheid* aan die wêreld te gaan vertel; die *waarheid* dat Hy 'n Koning is van 'n geestelike koninkryk (Joh. 18:37-38). Ons doel op aarde is om die *waarheid* oor Jesus en sy evangelie beter en beter te ken (Joh. 17:3: “En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is”), en ons lewens daarvolgens aan te pas (Joh. 8:31).
- *Waarheid* is 'n wapen teen die aanslae van die bose, dwaallering en leuens (Ef. 6:14).

## Gebed

Verdeel in kleingroepe en laat die jongmense vir mekaar bid dat hulle die Bybel se *waarheid* in hulle lewe sal toepas, en dat God hulle met die *vryheid* sal seën wat Hy dan beloof het.

*“As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; en julle sal die *waarheid* ken, en die *waarheid* sal julle vrymaak” (Johannes 8:31-32).*

